




ETIENNE LEROUX—

Wie Is Hy?

Deur Willie Kühn

Foto's: Bennie van Rensburg

NOEM dit 'n Shangri-la, 'n oase of wat u wil. Maar vir Etienne Leroux is dit geen plek van ontvlugting nie. In hierdie lushof besin hy oor die groot vraagstukke van die mens se bestaan en skryf hy woorde op papier wat sommige diep ontroer en ander 'n beskuldigende vin-ger laat wys.

Die oase is die huis op die plaas Janee, en die skrywer is 1964 se wenner van die Hertzogprys vir prosa.

Sewe myl van Koffiefontein skiet twee helder wit bakens langs die pad op. Twee bakens wat uitroon bo die barre Vrystaatse landskap. Dit is hekke — die een na die plaas van S. P. le Roux en die ander na die plaas van Stephen le Roux. Eersgenoemde is 'n oud-minister en laasgenoemde is sy seun, beter bekend as Etienne Leroux.

Ons ry stadig nader na die opstal van Janee, en wonder: Hoe lyk die skrywer? Watter tipe mens is hy? Hoekom woon hy hier, weg van die land se kultuursentrums.

'n Hoë, wit klipmuur omring die huis en baie bome en struik versper die gesig op die huis. Rondom herinner alles aan 'n tipiese Vrystaatse plaas: 'n motorhuis, 'n windpomp, 'n troppie skape by 'n watertrog, 'n stowwerige bakkie.

Dan stap ons die werf binne. Ons voel soos verdwaaldes in 'n woestyn wat skielik op 'n lommer-ryke waterbron afkom. Die skerp kontras laat jou jou oë knip. Ver vorentoe bak die son flouertig op 'n paar kliprantjies.

Die paadjie lei tussen 'n plaat groen gras deur na die voordeur. Onder die bome staan 'n paar stoeltjies. Heerlike plek om te sit en lees of peins, dink jy. Dit is asof die geraas van die voëls glad nie die stilte verbreek nie. Dan blaf 'n hond, wat seker vóór die huismense die besoekers ge-waar het.

Die voordeur staan oop, en in die klein voorportaal sit 'n vrou by die telefoon. Sy glimlag breed en wink vir ons om binne te kom. Die klipvloer met sy statige somberheid tref my dadelik. Teen die mure hang skilderye met helder kleure. Ek stap nader en lees die naam Renée le Roux onder in een hoek.

Dan spring die vrou op en steek skewerig haar linkerhand uit. „Verskoon tog dat ek nie behoorlik

kan groet nie, maar ek sukkel met 'n tennisarm,” sê sy. Sy roep haar man, en gesels dan opgewonde oor die groot eer wat hom te beurt geval het. Dit is duidelik dat sy baie trots voel, en dit nie probeer wegsteek nie.

Ek beduie met die oë na die skilderye teen die mure, en sy sê ja, dit is haar werk. Ek loer by die vertrek links in en gewaar 'n klomp vase, flesse en ander waardevolle en antieke stukke. Die Leroux hou blykbaar van mooi dinge, en skep ook graag skoonheid.

'N MAN met 'n ringbaard stap die vertrek binne. Sy vrou stel ons aan mekaar voor. Ons groet. Ek wens hom geluk met sy prestasie en hy glimlag half skamerig.

Dit is Etienne Leroux, boer en skrywer, se tuiste. Hier skuif hy in die laat nag voor sy tikmasjien reg om sy manier van kommunikasie met sy medemens te beoefen. Hier smee hy verhaale wat later onder die skerp vergrootglas van die letterkunde-kritici ont-leed word.

Sy oë is skerp, maar sy stem sag. Dit is oë wat diep in die mers kan speur.

Effens geboë lei hy ons na sy studeerkamer — of sal ek dit 'n biblioteek noem. Rakke boeke strek van vloer tot dak. Ek kyk vlugtig, sien name soos Joyce, Shakespeare en Compton-Burnett. En ertens, amper versteek tussen die veelheid, staan vier dunnerige boeke: Die Eerste Lewe van Colet, Hilaria, Die Mugu en Sewe Dae by die Silbersteins. Dit is feitlik sy lewenswerk as kunstenaar, want Leroux het ná slegs sowat tien jaar as skrywer Suid-Afrika se hoogste prys vir letterkunde verower.

Hy skink 'n drankie vir ons („Ek is seker die swakste kroegman in die land,” sê hy) en gaan sit gemaklik in 'n lae stoel voor die vuurherd.

„Dit is 'n groot deurbraak vir die jonger skrywers,” sê hy dan. Ek vra hom hoe hy voel oor die toekenning. Hy antwoord: „Ge-eerd, gevele, eintlik 'n bietjie bang.”

Onmiddellik ná die Suid-Afri-kaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns die nuus bekend gemaak het, het gelukwensinge na die huis gestroom, veral van die land se jonger skrywers, onder wie Leroux gereken word.

Die gasvrye, vriendelike mev. Leroux is in en uit by die stu-deerkamer. Elke nou en dan lui die telefoon. Dis mense wat haar

BO: Etienne Leroux staan hier met die manuskrip van sy jongste roman, Een vir Azazel. Die boek sal binne 'n paar maande verskyn. Die manuskrip is in 'n dokumentêre tassie van hout waarin al sy romans in geklakte vorm en as drukersproewe tot dusver geleë het. „Noem dit my gelukbringer,” sê die skrywer. Die tassie het hy gekry van die skrywer Jan Greshoff wat, volgens Leroux, geweldige baie vir hom beteken het. Agter op die rak staan die kopbeen Mieljie wat snags „'n wakende oog hou” wanneer die skrywer in sy studeerka-mer besig is. Leroux tik al sy manuskripte direk. Hy sê hy kan nie meer dink met 'n pen in die hand nie.

man gelukwens. In die verbygaan vertel sy dat dié wye belangstelling in die letterkunde vir haar iets nuuts is.

Mev. Leroux verraai veel meer opgewondenheid oor die prys as die skrywer, maar 'n mens vermoed dat sy stilswey sy uiting van vreugde is.

AAN tafel gesels ons land en sand onderwyl ons aan heerlike boerekos smul. Agter teen die muur is figure wat mev. Leroux geteken het.

Sy vertel hulle het mekaar ontmoet toe sy kunsstudent in Kaapstad was en hy op Stellenbosch in die regte gestudeer het. Dan gesels die egpaar oor huissake. Mnr. Leroux sê die wors is 'n bietjie droog, en sy vrou antwoord dat sy nie genoeg spek in die hande kon kry nie.

Oor die tennisbaan wat op die

plaas gebou is, is mev. Leroux baie opgewonde. Sy het toesig gehou oor die bouery, met mnr. Leroux by om kommentaar te lewer en te bewonder. Hul twee dogters, Helise en Chérie, wat in Bloemfontein skoolgaan, is veral baie opgewonde oor die baan.

"Net ná ete kan ons gou gaan kyk, want as jy en my man eers begin gesels, bly dit vergete."

Die negejarige Stephen sit doodstil. Hy is blykbaar die enigste in die huis wat ongesteurd sy gang gaan.

Dan stap ons deur die huis, wat van buite half soos 'n Spaanse woning lyk. Mev. Leroux het dit self ontwerp, en sy vertel hoe die gebou aangegroei het. Ons skuur verby stinkhoutmeubels, bewonder antieke stukke, loer in die verbygaan na skilderye teen die mure, staan voor kaggels wat saans vol woorde is. Skoonheid en gerief is hier beslis verenig.

Buite kyk ons na die tennisbaan en die swembad.

PAS TERUG in die studeerkamer, skuif Leroux in sy stoel

terug en sy kop begin knik. "Sy vrou maan hom 'n paar keer om nie nou aan die slaap te raak nie, maar dan laat ons hom begaan. Hy was seker die vorige aand tot laat wakker.

Ná 'n halfuur sit die skrywer skielik penregop, en ek sien dat hy nou lus voel vir gesels. Hy meen 'n siesta kan Suid-Afrika geen kwaad doen nie. Toe hy in Bloemfontein by 'n prokureursfirma gewerk het, het hy gereeld met middagete 'n uiltjie geknip, sê hy. Dit verfris die verstand baie.

Etienne Leroux is so effens 'n laatslaap-boer. Omdat hy gewoonlik tot na middernag in die studeerkamer besig is, is hy nie saam met die hoenders uit die bed nie. Maar wanneer hy eers op is, staan hy nie met die hande in die broeksakke rond nie. 'n Afrikaanse skrywer kan nie van sy skryfwerk alleen leef nie, sê hy. Leroux boer

met skape, saadaartappels, saadmielies, en dies meer.

Sy skryfery en sy boerdery bots nie, sê hy. Dit is aktiwiteite op twee heel verskillende vlakke wat mekaar glad nie oorvleuel nie. Hy kan byvoorbeeld op die plaas besig wees en terselfdertyd dink aan 'n karakter in 'n nuwe boek. Hoewel die plaaslewe hom in 'n mate isoleer van die gebeure buite, verkies hy dit om die stilte en die rustigheid.

Leroux werk gemiddeld twee jaar aan 'n roman. Hy dink lank oor sy tema en doen geweldig baie naslaanwerk. Hy vra ook heelwat mense uit oor aspekte wat hy in die boek wil opneem. Hy tik elke manuskrip, lees dit een keer deur om veranderinge aan te bring en stuur dit dan na die uitgewer. Wanneer die werk in druk is, lees hy dit vlugtig deur om te sien watter tipografiese aksentverskuiwing daar in die werk gekom het en dan bere hy dit en vergeet dit.

Dit is 'n opmerklieke verskynsel dat 'n skrywer se werk vir hom anders lyk en plek-plek anders klink wanneer dit gedruk is.

Onderwyl die boek in druk is, begin hy reeds dink aan 'n nuwe tema. Leroux meen die skrywer moet sy vorige werk uit sy gestel kry voordat hy met 'n nuwe begin.

Wanneer die boer se harde dag agter die rug is, gaan die skrywer so leen halfdien na sy studeerkamer („wanneer ek in die bed is," sê mev. Leroux) en werk daar tot ongeveer eenuur. Hy kan in geen ander plek skryf as in sy stil, rustige studeerkamer nie, hoewel „dit daar soms vreeslik koud raak in die winter". Van ander skryfwerk (briewe en dies meer) hou Leroux glad nie.

Mev. Leroux het my vertel dat haar man baie van strokiesprente en films hou. Leroux gesels onderhoudend oor die filmbedryf. Hy ry soms na Bloemfontein om na 'n rolprent te kyk, maar is spyt dat baie van die goeie Europese prente nie in die land vertoon

word nie.

Leroux sê hy stel belang in jazz, maar sy vrou beweer hy weet nie baie daarvan nie. Die gesprek keer egter telkens terug na die letterkunde. Hy redeneer met groot objektiwiteit oor sy eie skryfwerk, maar hy probeer geen kritiese oordeel uitspreek nie. Hy probeer net grondtemas, riglyne en assosiasies aandui.

Wat 'n mens veral tref van hierdie man, is sy opregtheid. Hy is te veel kunstenaar om hom as kunstenaar voor te doen. 'n Mens voel in hom 'n wesenlike nederigheid oor die groot taak waarmee hy besig is, en in sy optrede en uitsprake is daar eerbied teenoor die mens en die menslike.

Leroux sê die jonger Afrikaanse skrywers skryf nie immoreel nie. Hy meen hulle is net baie eerlik.

Leroux het een groot ideaal as skrywer. Hy wil 'n tragiese roman skryf. Vir die Afrikaanse letterkunde het hy twee groot ideale. 'n Roman wat die tragiese situasie van die blanke in die Republiek uitbeeld, en 'n satiriese werk op die tyd waarin ons lewe.

Volgens Leroux is heelwat werke al geskryf oor die nie-blanke in Suid-Afrika. Hy sal egter graag 'n groot werk wil sien oor die posisie van die blanke. Hy meen so 'n werk kan die buiteland 'n baie beter insig gee in die blanke se stryd hier, as die baie feitelike inligting wat oorsee gestuur word.

MY koppie koffie is vergete en yskoud wanneer ek hom vra hoe hy aan sy skuilnaam gekom het. Voordat hy sy eerste roman gepubliseer het, vertel Leroux, het hy 'n kortverhaal of twee onder die skuilnaam Etienne geskryf. Dit is die Franse vorm van die naam Stephanus (sy een naam). Maar toe Die Eerste Lewe van Colet sou verskyn, het hy gemeen dit is darem te duidelik 'n skuilnaam. Daarom het hy besluit om ook 'n van vir hom te „skep".

'n Ander rede is dat sy vader toe

nog minister was. Omdat Colet eksperimenteel en destyds relatief „gewaag" was, was hy bang hy benadeel sy vader se politieke loopbaan onregstreeks. Daarom het Le Roux toe Leroux geword.

Dit was aand toe ons opstaan. Die skrywer het 'n baadjie aange- trek en ons het, begelei deur die hond, Chesterton, deur die tuin gestap en in die barre landskap buite uitgegaan. Ons het gegroet en met die motor die vlakte inger- y.

Daardie nag, onderwyl die skry- wer waarskynlik geboë in sy stu- deerkamer gesit het, het ek ge- dink: Een middag by die Le- roux was vir my net soveel werd soos die lees van Sewe Dae by die Silbersteins.